:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

DEEL XXXIII. OKTOBER 1955. Nr. 2.

# GELUKWENSE AAN DIE VRIJE UNIVERSITEIT.

Die jaar 1880 was veelbewoë en betekenisvol in die wordingsgeskiedenis van die Afrikanervolk. Die Erste Vryheidsoorlog was 'n vuurdoop. Die roemryke stryd het in die volksiel 'n onuitwisbare stempel afgedruk van die geloof aan 'n eie, vrye volksbestaan en handhawing van die Boerekarakter, en terselfdertyd 'n verdieping van die waarde van 'n gesonde moraal en wilskrag, gepaard met 'n rein gewete en onverbiddelike koersvastheid op die vryheidspad bewerkstellig.

**Oktobermaand** bring elke jaar 'n versterking van volksidealisme: dis die maand waarin die gedagtenis van ons volkshelde die snare van die gemoed harmonies met die volksverlede laat tril. In die Suid-Afrikaanse natuur is dit „die mooiste, mooiste maand", maar selfs op die volksakker bring die skoon aroma van vryheidsblomme vir elke koersvaste Afrikaner 'n verkwikking.

Oktober 1880 was vir die bewuste beoefening van die Christelike wetenskap op Calvinistiese grondslag 'n uiters belangrike tydsgewrig. In Nederland is die fondamentsteen vir die vryheid van die Christelike gewete in die wetenskapbeoefening gelê, en hierop het reeds 'n sierlike gebou verrys: die Vrije Universiteit. Maar net so min as die heldestryd van die Transvalers en die oorwinning te Majuba tot die enge grense van

Transvaal beperk gebly het, so is die kragtige trillinge van die geloofsmoedige oprigting van die Vrije Universiteit ver buite nasionale grense gewaar.

In Suid-Afrika kan getuig word van die heilsame en stimulerende invloed vanuit die Vrije Universiteit. Die motivering daarvan lê voor die hand: die Afrikaner is in sy diepste wese 'n „Dietsman" en 'n Calvinis (al is dit soms ook baie verwaterd). Kragtens sy Dietse inslag skakel die Afrikanervolk hom vanself aan die Dietse lande van Europa, maar weens sy Calvinistiese volksaard lê die Calviniste van Nederland hom die naaste aan die hart.

Daarom kan ons die simboliek van die vryheidstryd van die Calvinistiese en Dietse Boerevolk van 1880 maklik gereflekteer sien in die stigting van die Vrije Universiteit. Dit gaan in albei gevalle om die behoud van eie siel. En wat waar was van 1880 is nog meer waar vir 1955. Beide in Suid-Afrika en in Nederland het die stryd om behoud van die Calvinistiese volkskarakter hewiger geword. In Suid-Afrika is daar net **een** universiteit met 'n uitgesproke Calvinistiese karakter: die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (daar is natuurlik ook individuele Calviniste aan ander universiteite verbonde). Hierdie universiteit streef daarna om 'n bolwerk vir die Calvinisme in Suid-Afrika te wees. In sy poging om dit te bewerkstellig word hy kragtig gesteun deur die suster-inrigting, die Vrije Universiteit: die hartstogtelike uitbouing van die Calvinistiese wetenskap en die vervloeiing daarvan in die breë lae van die volkslewe word in Suid-Afrika opgevang, bestudeer en „genasionaliseer". **Die versterking van die Calvinistiese inslag van die Afrikaner vanuit Nederland is seker die grootste en kosbaarste bydrae wat Nederland tot die geestesskatte van Suid-Afrika kan lewer.** Dit is lewensbrood!

Op sy steil pad na 'n nasionale patroon wat aansluit by die Dietse en Calvinistiese inslag van die verlede, het die jong Afrikanervolk tyd en behoefte om met 'n eresaluut heilwense te bring, by geleentheid van sy vyf-en-sewentigjarige jubileum, aan 'n inrigtinng wat na aan sy hart staan:

**Heil en seën aan die Vrije Universiteit.**

W. N. COETZEE,
Hoofredakteur.

Wittesingel 10,
Leiden,
Nederland.